Oordenking
26 Mei 2010

Drie-Eenheidsondag.
Abraham het in ’n wêreld met baie gode gebly. Hy is geroep om uit sy tuisdorp, Ur van die Chaldeërs, uit trek om in gemeenskap te leef met ’n radikale nuwe geloof – “Geloof in net een God”. En hierdie God kon nie uit klip uitgekap of in metaal gegiet word nie. Moses verklaar later dat die “God van Abraham”, Een God is. Jesaja het gepreek dat die enigste God heilig, heilig, heilig is. Hy kan nooit verpak, beheer, of manipuleer word nie.

Hoor Israel, die Here ons God, die HERE, is Een!

Hy is die enigste God en Vader van ons Here Jesus Christus. Jesus het gesê dat as die Gees van waarheid kom, sal Hy nie uit Homself praat nie, maar sê wat Hy hoor, want Hy sal sê wat Jesus vir ons wil sê. Want, het Jesus gesê, alles wat aan die Vader behoort, behoort ook aan Hom. En, het Jesus gevra, “Weet julle nie dat Ek en die Vader, een is nie?” Gedurende die nag waarin Jesus verraai is, het Hy ook gebid dat sy Kerk een sal wees, soos Hy en die Vader een is.

Die een ware God van Abraham, die “Ek Is” wat aan Moses openbaar is en wat gespreek het deur die profete, is egter nooit alleen nie. Die essensie van die een God, is dat Hy ’n God in gemeenskap is, ’n God in verhoudinge. En ’n God wat ten diepste ’n “Verhoudingsgod” is, is dit omdat Hy liefde is, ja, onvoorwaardelike liefde. Ons God bestaan in verhoudinge – met Homself as Vader, Seun en Heilige Gees. En Hy het een doel met ons lewe, dat ons ook in verhouding met Hom sal lewe.

God is liefde. Daarom is Hy ’n God in verhoudinge. En God wat ten diepste liefde en verhoudinge is, begeer ook ’n verhouding met ons.
Paulus praat oor hierdie unieke, goddelike liefde in 1 Kor. 13. Hierdie liefde is geduldig en doen goed aan ander. Dis nooit jaloers of egoïsties nie en hou nie boek van die kwaad wat ander aan ons doen nie. Dit is ’n liefde wat alles kan verdra, alles glo en alles hoop. Tog is dit groter, belangriker, as geloof of hoop. Dit is God se eie liefde wat Hy vir sy Seun Jesus het en wat ons in ons harte ontvang deur die werk van die Heilige Gees.
So word die unieke liefde wat God enig maak, ons gawe deur die genadige werk van die Heilige Gees.

As ons om ons kyk, dan sien ons die nood aan so ’n liefde. Ons sien nie die behoefte aan pogings om doktrines wat onmoontlik is om te verstaan, uit te lê nie. Ons sien die nood van ’n eensame mensheid wat nodig het om te hoor dat God liefde is. Dat die Een God wat alles gemaak het, ’n God is wat deur ’n verhouding met ons, sy liefde aan ons wil gee.

Op Drie-Eenheidsondag gee God sy unieke, uitsonderlike gawe om met die wêreld te deel. ’n Wêreld wat bang, ongelukkig en eensaam is. As Christene mag ons verklaar dat die groot God wat die hele skepping gemaak het, in essensie die God is wat in ’n liefdesverhouding met ons wil bestaan, Want die Een, Enigste God, is liefde. En netsoos Hy sy Seun liefhet, het Hy ons ook lief. En sy Gees bevestig wat ons gees vir ons sê, dat ek ook een van hulle is wat God liefhet. Ek het ook ’n verhouding met die ewige, heilige verhouding, die heilige Drie-Eenheid, ons God.

Mag die genade van ons Here, Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees met jou wees en altyd by jou bly.